Tel: 012 548 1245 **Faks**: 086 535 4797
Webadres: www.magalieskruin.com
Facebook: Magalieskruin Gemeente - Algemeen
E-pos: magaliesond@telkomsa.net

Program van die week: 17 Maart 2019

17 MAART 2019 – 24 MAART 2019		
17 Maart 2019 *3de Lydensweek*	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Johan Olivier
	09:30 – Gesinsdiens	
	17:45 – Aanddiens	Ds. Lizette van Rooyen
24 Maart 2019 *4de Lydensweek*	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Alkmaar Swart
	09:30 – Gesinsdiens	
	17:45 – Aanddiens	Ds. Louis Lemmer

GROEIGROEPE HERVAT OP 7 APRIL 2019

FONDSINSAMELING 12 APRIL 2019

FOOD TRUCK FEES EN AANDMARK

Nooi jou vriende en kom kuier lekker saam op 12 April. Na die sukses van die vorige geleentheid het ons weer 'n Food Truck Fees en Aandmark! Dit is 'n lekker ontspanne kuiergeleentheid met musiek, 'n verskeidenheid van kosse om uit te kies en goeie vriende! Bring gerus kampstoele vir gemaklike sit. Tafels sal beskikbaar wees. Veilige parkering teen R20 per motor met ingang vanaf Joycelaan. Vanaf 15:00 tot laat….

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK

DATUM	TYD	AKTIWITEIT	KONTAK
Di. 19	09:00 19:00	**Woordskool** – in die konsistorie. Ons bestudeer vanjaar die Bergpredikasie.	Paul Fick – 071-380-8752 Ds. Johan Olivier – 082-979-6552
Di. 19	10:00	**Visvanger Dissipelmaking** – die Woord word bedien, toebroodjies word uitgedeel en Bybels word verkoop.	Ds. Alkmaar Swart – 012-548-1245
Di. 19	09:30	**Silwerblare –** Kerksaal. Polisie orkes optrede	Dottie/Freddie Botha – 083-458-8154
Di. 19	18:30	**L!nk = Connect (tieners) en ReConnect (jongvolwassenes)** – in die jeugsaal.	Ds. Corné Bootha – 082-786-4834
Wo. 20	09:00	**Mannegespreksgroep** – in die konsistorie.	David Spamer – 012-524-3821
Wo. 20	09:00	**Gebedsgroep vir uitreike** – beradingskamer in konsistorie.	Annette van Niekerk – 083-609-7953
Wo. 20	14:00	**Vaardigheidsbediening** – in die kerksaal.	Rhona von Schlichting – 082-940-4168
Sa. 23	06:00	**Gebedsgeleentheid** – in die jeugsaal.	Ds. Johan Olivier – 012-548-1300/ 082-979-6552
Sa. 23	09:30	**Jan Niemandpark Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Bennie Zondagh – 082-920-8798
Sa. 23	15:00	**Danville Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Johan Ackerman – 082-472-2153

E-POS ADRES DS LOUIS LEMMER

Neem asseblief kennis van ds. Louis se nuwe kontakbesonderhede: Sel 082-929-0244 en e-pos louis@lemmer.africa. Die Telkom e-pos en telefoonnommer werk nie meer nie.

ADMINISTRATIEWE INLIGTING

- **Debietorders** – Ons versoek lidmate om enige verandering aan debietorders **vóór** die 20ste van 'n maand vir die daaropvolgende maand **skriftelik** (per e-pos of op vorm ingevul) aan die kerkkantoor deur te gee, anders kan dit nie betyds geaktiveer word nie. Kontak Cecilia Venter (012-548-1245/ magaliesngk@telkomsa.net).
- **Koster –** Indien u die koster benodig, kontak die volgende nommer: **082-859-6638/082-852-9325**.
- **MAGALIESKRUIN NOODLYN – 060 661 1870** – Gemeentelede kan Isabel le Roux, ons Barmhartigheidsvoorsitter, by die bogenoemde nommer per sms of oproep kontak indien daar behoeftes is ten opsigte van kruideniersware, klere en maatskaplike krisisse. Versoeke word anoniem hanteer en bydraes word grotendeels uit ons klere- en koskamer voorsien.
- **Kaartmasjien en SnapScan** – Daar is Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor 'n kaartmasjien asook SnapScan beskikbaar indien lidmate daarvan wil gebruik maak vir bydraes of ander betalings.
- **Gemeente se bankbesonderhede**: NG Gemeente Magalieskruin-Pretoria, ABSA, Takkode 632005, Tjekrekeningnommer 090 590 537.
- **Facebook:** Magalieskruin Gemeente-Algemeen

LIDMATE SE LIEF EN LEED

- **Inligting oor lief en leed** – Alle gemeentelede word gevra om die kerkkantoor in kennis te stel van sterftes sowel as geboortes sodat ons met mekaar die hartseer en vreugde kan deel. Skakel die kerk-kantoor weeksdae tussen 07:30 en 13:00, stuur 'n e-pos na magaliesond@telkomsa.net of meld dit Sondae by die navraetoonbank aan.
- **Siekes en beproefdes** – U word hartlik uitgenooi om die kerkkantoor (012-548-1245) of u wyksouderling te kontak indien u of u familie siek is of gehospitaliseer word. **A-Blok** – ds. Alkmaar Swart; **B-Blok** – ds. Corné Bootha; **C-Blok** – ds. Louis Lemmer; **D-Blok** – ds. Johan Olivier.

  Ons wil vir u vra om vir die volgende persone te bid wat onder ons aandag gekom het:

Bezuidenhout, Bronwin	Gräbe, Rina	Krause, Christo	Retief, Piet
Bezuidenhout, Lauren	Greyvensteyn, Johan	Lock, Lorraine	Shandoss, Chris
Briel, Leon	Grobbelaar, Marco	Lombaard, Martie	Terblanche, Evelyn
Brits, Rita	Grobler, Kobus	Lubbe,Chris	Van Molendorff, Carol
Davel, Jeanette	Grove, Martie	Mulder, Marie	Van Rensburg, Joan
De Kock, Willem	Henning, Jan	Naudé, Johan	Van Rooyen, Anita
De Villiers, André	Heunis, Mary	Paterson, AJ	Visser, Hennie
De Villiers, Marie	Horn, Hennie	Piéri, Fabiola	Visser, Reneé
Diederiks, Wikus	Jordaan, Anton	Pistorius, Hennie	

Nuwe Intrekkers – Ons verwelkom die volgende lidmate wat met bewys van lidmaatskap/attestaat na ons gemeente oorgekom het: Ignatius Michael **KRITZINGER,** Sharon DOBSON (nou **KRITZINGER**) en dooplidmaat Mischa **KRITZINGER;** Marno **NEL**; Bianca Carolyn ERASMUS (nou **NEL);** Edwin Richard **EVANS;**

- ***Nuwe intrekkers wat nog nie aangemeld het nie, kan die nodige vorms Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor verkry.***

- **In Memoriam** – Die volgende lidmaat is die afgelope week oorlede:
  - **Lizette Rossouw** se begrafnis het reeds plaas gevind. Ons bid haar familie en vriende die troos van die Here toe.
  - **Anna Kruger** van Leeufontein se begrafnis het reeds plaas gevind. Ons bid haar kinders, familie en vriende die troos van die Here toe.
  - **Deon Prinsloo** van Jan Bantjiestraat se begrafnis het reeds plaas gevind. Ons bid sy vrou, kinders, familie en vriende die troos van die Here toe.

KOM RAAK BETROKKE

Kom raak gerus betrokke by die volgende **aktiwiteite:**

- **Behoeftes – hulp word benodig met die volgende:**
  - Tweedehandse babaklere vir 'n pasgebore ("newborn") baba en bietjie groter asook enige ander baba toebehore waarvan u ontslae wil raak vir 'n baba wat in April gebore word. Kontak Alta Potgieter (082-412-0388).
  - Jakaranda Kinderhuis – baie dankie vir die oorweldigende reaksie en die skenkings, dit word opreg waardeer.
  - 'n Wasmasjien en 'n mikrogolf in werkende toestand word by Sonop benodig. Kontak Rita de Wet (082-374-7565/012-567-5095).
  - Het u dalk 'n laptop en kan dit afstaan vir Fred Nel se Moslemsending. Ds Masizakhe se laptop is gesteel. Dit is uiters noodsaaklik vir vergaderings en skype. Indien u kan help kontak asseblief Fred Nel (082-441-7030 / frednel@telkomsa.net).
- **Doop in 2019** – Om in **Mei 2019** te kan doop, moet die doopgesprek wat op **10 April 2019** plaasvind, bygewoon word. Doopregistrasie **MOET** vooraf by die kerkkantoor plaasvind. Registrasievorms is by die navraetoonbank of op ons webwerf beskikbaar. Kontak ds. Lizette van Rooyen (084-690-1971 of lizvanrooyen@gmail.com).
- **Elektroniese Sangbord** – Persone word dringend benodig vir hulp by alle dienste. Dit is 'n baie eenvoudige program en opleiding word gedoen tot u heeltemal vertroud is daarmee. U doen diens by die erediens wat u normaalweg bywoon. Indien u kan help, kontak Martie van der Walt (082-744-5698).
- **Herwinningsprojek** – Dankie vir almal se deelname aan die herwinningsprojek! Indien jy nog nie deelneem nie is jy welkom om betrokke te raak. Ons het nog twee stelle asblikke beskikbaar teen R450. Kontak die kerkkantoor (012-5478-1245) of vra by die navraetoonbank na die erediens. Kry ook jou yskasgids met al die besonderhede. Ons moedig gebruikers aan om items wat reeds gesorteer is in 'n swart sak te plaas en die swart sak in die houers by die kerk te plaas. Onthou asseblief om koshouers eers uit te spoel. Hou asseblief ons terrein netjies.
- **Hospitaal- en Siekesorg** – Ons sal die datum van die volgende byeenkoms later deurgee. Kontak ds. Johan Olivier (012-548-1300/082-979-6552).
- **Huweliksvoorbereiding** – Indien jy die jaar gaan trou, kontak asseblief vir ds. Louis Lemmer (082-929-0244) vir huweliksvoorbereiding ten minste drie maande voor die troudatum. Voorbereiding geskied met individuele pare op tye soos wat ons ooreenkom.
- **Kleingroepe** – Tyd vir 'n nuwe geestelike groei-ervaring? Opsoek na vriendskap? Wil jy graag êrens behoort? Kleingroepe is vriendskapsgroepe wat saam geestelik groei. Dit is ook die plek waar die groot gemeente persoonlik raak. Magalieskruin het tans 42 verskillende kleingroepe (omgeegroepe, Bybelstudies, selgroepe, vrouegroepe en mannegespreksgroepe) wat op 'n gereelde basis vergader. Kontak vir Janine by die kerkkantoor (012-548-1245) om betrokke te raak. Sy sal jou help om met die regte groep kontak te maak.
- **Munte Projek** - Hierdie projek bestaan sedert Maart 2009. Groot waardering en dank word teenoor elke gemeentelid wat getrou bygedra het, uitgespreek. ***Neem asseblief kennis dat die banke nie meer 1c, 2c en 5c aanvaar nie, moet dus asseblief nie meer hierdie eenhede bring vir inbetaling nie.*** Baie dankie vir u betrokkenheid om die volhoubare verspreiding van Bybels te verseker. Die bedrag wat ons tot dusver versamel het is **R80 077**. Kontak Dottie Botha (012-548-0863/083-458-8154).
- **Nerina Oggendgroep** – Ons kuier saam op **26 Maart 2019** saam met Morné Ras van Geopende Deure. Sien jou daar om 09:30 in die jeugsaal. Kontak Rini Martins (083-459-7217) of Celia Maré (084-583-8655).
- **Snuffelhoekie** – U kan reeds nou al enige bruikbare item wat u nie meer in u huishouding benodig word nie, by die kerkkantoor kom aflaai vir ons Kuiermark in Junie.
- **WhatsApp Gebedsgroep** – Ons gemeente het 'n WhatsApp gebedsgroep wat bid vir lidmate en sake in ons direkte omgewing. Almal bid saam maar op jou eie tyd. Geen "gevleuelde woorde" of gemorspos nie. As jy wil deel word van die groep, SMS jou naam en nommer na ds. Louis Lemmer (082-929-0244). Kontak 'n leraar of die kerkkantoor (012-548-1245) indien u 'n boodskap daarop wil laat plaas.

Silwerblare – Die Polisie Orkes se optrede by Magalieskruin Gemeente, **Dinsdag 19 Maart 2019** om 09:30 vind plaas in die Kerksaal. U word uitgenooi om hierdie geleentheid gratis te kom bywoon. Onthou asseblief om u vriende saam te nooi, almal is welkom. Tee/Koffie en verversings sal na afloop van die optrede bedien word.
Die toegangsfooie wat gehef word vir die optredes van die Orkes word aangewend uitsluitlik vir die Polisie se Weduwee en Wesefonds. Ons het dit goedgedink om vir hierdie doel 'n vrywillige kollekte op te neem en ons vra u vriendelike bydrae hiervoor.
Kontak Dottie Botha 083-458-8154

NIE-GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

- **Fondsinsameling Uitkoms** – Uitkoms Versorgingsentrum hou op **29 Maart 2019** om **19:00** vir 19:30 'n dinee by NG Kerk Magalieskruin. Die koste is **R250** per persoon wat 'n 3-gang maaltyd, spreker en sangeres insluit. Elmien Botha is die spreker en Jeanette van Greuning is die kunstenaar wat optree. Kontak Loraine by Uitkoms (012-548-0352/083-337-8503).

- **Volg die Storie van die N G Kerk** – Die N G Kerk werk tog hard. Die verhaal kan op die kerkbode.christians.co.za of www.kerkbode.co.za gevolg word. Dit is soms beter om in die amptelike kerkblad as die dagpers, die nuus te lees.

SNAPSCAN BETALINGS

Verwysing: Naam, van of wyksnommer en waarvoor asseblief!!

KUIERMARK 1 JUNIE 2019

Dis weer Kuiermarktyd! Die bus is aan die rol vir Kuiermark 2019! Daar is bestuurders en kondukteurs, maar daar is nog min personeel om seker te maak elke passasier geniet die reis ten volle.

Ons wil jou uitnooi om op die Kuiermarkbus te kom klim deur jou energie en jou kreatiwiteit te kom aanbied. Kom stap voor as stalletjieleier of raak betrokke by enige ander stalletjie as helper.

Kuiermark is 'n geleentheid vir elkeen om iets te gee of iets te doen. Dis JOU fees!

Om aan te meld of vir navrae, kontak Janine Joubert in die kerkkantoor (012-548-1245).

Kuiermark 2019! Moenie die bus verpas nie....!!